# HOËRSKOOL BONNIEVALE NUUSBRIEF

*Doen altyd 'n klein bietjie meer as wat van jou verwag word*
*Goed, beter, beste!*

21 Augustus 2026
**NUUSBRIEF 25/2026**

**Geagte ouers, leerders en Bonnievalers**

1. **Interskole:** Ons sê geluk aan al die Bonnies met hul puik uitslae tydens die **Interskole** van **2026**. Die gedrag van ons Bonnies, beide op en van die veld, was 'n riem onder die hart. Ons wil ook ons dank betuig aan al die ouers vir hul ondersteuning, nie net tydens die interskole nie, maar die hele seisoen.

2. **Tennis:** Daar is more 'n tennisakademie waarby belangstellende tennisspelers kan inskakel. Kontak asb vir **Ilse (078 149 0963)** van Langeberg tennis indien u belangstel of vir verdere inligting.

3. **Sportfotos:** Let asb daarop dat die datum vir die neem van sportfoto's verander na **22 September.**

4. **BonGala Nominasies:** Ons is baie trots op ons leerders en onderwysers wat genomineer is vir toekennings by die jaarlikse BonGala wat op Vrydag **21 Augustus** plaasvind. **Juffrou Suzaan Jordaan** en **Juffrou Chameron Matthys** is genomineer vir die **Onderwyser van die Jaar-toekenning** terwyl ons matrikulante **Owaziyo Makhutsi, Jamie-Lee Windvoël** en **Jada-Lee Lagorie** genomineer is vir die ***Brightest Star*-toekenning.**

5. **Leerling- en bestuurslisensies:** Leerders by HSB kan by die skool hulp kry met bestuurslisensies en -lesse teen 'n fraksie van die koste van privaat bestuurskole. Maak gerus by **mnr. Rian Boshoff** 'n draai of kontak hom per e-pos by **rboshoff@hsbonnievale.co.za** .

6. **Uitkomtyd:** Skool kom vanaf volgende week op **Maandae 14h00** uit. Dinsdae - Vrydae bly gewone tyd.

   Saalperiode verval by HS omdat matrieks in saal eksamen skryf.

7. **Eksamen:** Ons sê sterkte aan die matrieks wat met hulle rekord-eksamen afskop op **Vrydag 21 Augustus.** Ons doen 'n beroep op alle matriek-ouers om asseblief seker te maak dat die leerders betyds by die skool sal wees. Die leerders moet ook onthou dat alle skoolreëls tydens die eksamen nogsteeds geld.



8. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

| | |
|---|---|
| Sa. 22 Aug | Me Alma Hamersma verjaar |
| Ma. 24 Aug | SBL vergadering<br>Riversdal Eisteddfod |
| Di. 25 Aug | Juf Gerda Liebenberg verjaar<br>Riversdal Eisteddfod |
| Do. 27 Aug | Riversdal Eisteddfod |
| Vr. 28 Aug | Gr.7 Uitstappie |
| Sa. 29 Aug | RSD o.9 Volveld Rugbydag |
| Vr. 4 Sep | Gr.3 Fondsinsameling<br>Gr.6 Uitstappie |
| Do. 10 Sep | Gr.3 Uitstappie |
| Vr. 11 Sep | Swellendam Aflosbyeenkoms |
| Sa. 12 Sep | Juf Adéle le Roux verjaar<br>Juf Lizaan Coetzee verjaar<br>Rugby o.11 & o.13 (7's) te Paul Roos |
| Vr. 18 Sep | Gr.1 & Gr.2 Uitstappie |
| Di. 22 Sep | Me Jamielee Fortuin verjaar<br>HSB Revue<br>Sportfoto's |
| Wo. 23 Sep | Skool sluit |

Vriendelike groete vanuit die kantoor.



**Mnr. R. Olivier**
Skoolhoof

GO Bokke!!






Rugby- en Netbaluitslae – Laerskool

# Interskole vs Franschoek - 15 Augustus 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 A | 12 | 0 | W |
| 8 A | 7 | 3 | W |
| 9 A | 21 | 0 | W |
| 10 A | 18 | 3 | W |
| 11 A | 13 | 3 | W |
| 12 A | 19 | 0 | W |
| 13 A | 19 | 6 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 7 | 6 | 3 | W |
| 8 | 7 | 0 | W |
| 9 | 6 | 3 | W |
| 11 | 36 | 0 | W |
| 13 | 36 | 12 | W |

Rugby- en Netbaluitslae – Hoërskool

## Interskole Hoërskool Franschoek – 15 Augustus 2026

| Netbal | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 14 A | 16 | 5 | W |
| 15 A | 19 | 10 | W |
| 17 A | 1 | 17 | V |
| Eerstespan | 25 | 20 | W |

| Rugby | | | |
|---|---|---|---|
| **SPAN** | **PUNTE VIR** | **PUNTE TEEN** | **W/V** |
| 15 | 47 | 0 | W |
| 16 | 24 | 7 | W |
| Eerstespan | 10 | 15 | V |